PERSVERKLARING NAMENS INANI STARTWELL STIGTING: 13 AUGUSTUS 2020
VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING.

INANI se eerste kos-aanleg in SA spreek trae groei aan wat 1.7 miljoen bedreig.

DIE INANI Startwell Stigting het ‘n fondsinsamelings-veldtog geloods om die eerste nie-winsgewende kos-aanleg in Suid-Afrika op te rig. Die vernaamste oogmerk met die inisiatief is om ontbyt-maaltye te verskaf teen lae koste vir kinders uit arm gemeenskappe om trae groei (Engels: stunting) in Suid-Afrika aan te spreek.

Trae groei het ‘n negatiewe uitwerking op kinders se vermoë om te leer en te ontwikkel tot hul volle potensiaal.

Meer as 27 % van Suid-Afrikaanse kinders jonger as vyf – of 1.7 miljoen kinders – beleef trae groei (Engels: stunting), hoofsaaklik weens tekorte in hul diëte. Jaarliks is daar sowat 350 000 wat toegevoeg word tot die poel van kinders in Suid-Afrika wat blootgestel is aan trae groei of stunting.

“Baie kinders in Suid-Afrika ly aan stille honger – hulle het toegang tot kos, maar nie voeding nie. Hul mae is gevul, maar hul liggame kan nie tot hul volle potensiaal ontwikkel nie weens die swak voedingswaarde van die kos wat hulle inneem,” het Org van der Wath, uitvoerende direkteur van INANI Startwell Stigting, gesê.

Van der Wath het Akinwumi Adesina, president van die African Development Bank, aangehaal, wat gesê het die grootste bydrae tot ekonomiese groei is nie fisiese infrastruktuur nie, maar breinkrag, wat hy beskryf het as grysstof-infrastruktuur.

Wanneer kinders blootgestel word aan trae groei of stunting, kan dit lei tot trae ekonomieê in die toekoms. Adesina het gevra dat die plaag van wanvoeding beëindig word. Dit is binne lande in Afrika se bereik om ‘n einde daaraan te maak, en die getuienis is oorweldigend dat daar onverwyld opgetree moet word.

Wanvoeding – die oorsaak van die helfte van kindersterftes wêreldwyd – beroof geslagte van mense in Afrika van die geleentheid om tot hul volle fisieke en kognitiewe potensiaal te ontwikkel, wat nie net ‘n impak het op hul gesondheid nie, maar ook op die ekonomiese ontwikkeling op die kontinent.

Wanvoeding is onaanvaarbaar hoog op die Afrika-kontinent, met 58 miljoen of 36% van kinders onder die ouderdom van vyf wat chronies ondervoed is en wat ly aan trae groei of stunting, volgens die African Development Bank.

Nou het INANI ‘n oplossing gevind vir trae groei of stunting onder kinders en wanvoeding in Suid-Afrika.

Die organisasie het ‘n beroep gedoen op die publiek om fondse by te dra via die GivenGain-platform omdat dit hul grootste hindernis is om fondse te bekom vir die aankoop van ‘n nie-winsgewende kos-prossesseringsaanleg.

“Weens die lae winsmarge, stel tradisionele finansierings-instansies nie belang om ons by te staan met lenings nie. Ons het reeds 65 % van ons vereiste kapitaal verseker, maar benodig ‘n verdere R3 miljoen om die aanleg te vervaardig. Ons het die publiek se steun nodig om die droom te verwesenlik,” het Van der Wath gesê.

INANI Startwell Stigting is ‘n nie-winsgewende organisasie wat gevestig is om die gehalte te verbeter van graan-ontbyte wat bedien word aan kinders deur instellings wat voedingskemas bedryf.

Wetenskaplikes vereis dat spesifieke groei-nutriënte aanwesig moet wees in daaglikse maaltye gedurende die kritiese groeifase van elke kind, het Van der Wath verduidelik.

Noodsaaklike proteïene en vette is die biochemie se boustene vir groei en energie. Elke samelewing moet seker maak dat groeiende baba's en jong kinders daaglikse toegang het tot hierdie belangrike groei-boustene.

"As 'n samelewing kan ons nie voortgaan om suiker-ryke grane wat arm is aan voedingswaarde aan klein kinders te bedien wat grootword in arm gemeenskappe nie," het Van der Wath gemaan.

"Deur ons nie-winsgewende prossesserings-struktuur en sakemodel wil ons die prossesseerder se fokus verskuif van wins vir aandeelhouers na voedingryke inhoud. Daardeur wil ons die gehalte van ontbyt-maaltye wat aan ekonomies benadeelde kinders voorsien word, beduidend verbeter," het Van der Wath bygevoeg.

INANI se aanleg sal dubbelskroef uitpersings-tegnologie gebruik sodat verskeie volgrane en peul-gewasse ingesluit word in die maaltye sodat dit genoegsame proteïene en vette bevat wat sal verseker dat trae groei of stunting onder groeiende kinders aangespreek word.

Dit is ook noodsaaklik dat diereproteïene en -vette beskikbaar gemaak word aan kinders deur hierdie maaltye. Etlike gedroogde suiwelprodukte – soos proteïene, volmelk- en bottermelk-produkte - sal ook toegevoeg word tot die maaltyd.

Die maal se voedingswaarde word ook verder aangevul deur spesifieke mikro-nutriënte (vitamine en minerale) om seker te maak tekortkomings word aangespreek.

Die uiteindelike oogmerk van die INANI-raad is om minstens tien nie-winsgewende kos-aanlegte in bedryf te stel om seker te maak dat trae groei of stunting in Suid-Afrika heeltemal uitgeskakel word.

INANI sal graanontbyte ryk aan voedingswaarde vervaardig, dit verkoop aan voedingskemas sonder oogmerke om 'n wins te maak, en sal hulle ook beywer om voorbrand te maak vir graan-ontbyte van 'n beter gehalte vir arm kinders, het Van der Wath verduidelik.

Om by te dra tot die INANI Startwell Stigting, kan jy https://www.givengain.com/cc/inanistartwellfoundation/ besoek. Vir nader inligting, besoek voorts ook www.inaniswf.org.

Persverklaring saamgestel deur Fanie Heyns namens INANI Startwell Stigting. Vir nader besonderhede, kontak Org van der Wath op 0795140067 of Leonie Venter op 0768356430.